

MAAGD VAN DIE SEE
No 6
Boodskap uit
die Blou
MEIRING FOUCHÉ


Op 'n vreemde vaart na die Weste, doen Simon Verbeeck en sy manne 'n vreemde fonds op die wye oseaan: 'n vonds wat vir hulle 'n boodskap bring. . . . eintlik 'n bevel. En omdat Simon meen dat hier 'n groot wandaad gepleeg is, besluit hy om daardie bevel te gehoorsaam.

Maar voordat hy daardie opdrag sal kan uitvoer, sal hy te doen kry met verrassings en verraad, skurkagtigheid en inhaligheid - maar ook met dapperheid en lojaliteit.

Hier is nou 'n verhaal van kanongebulder en swaardgekletter, van seemanskap op sy beste in die dae van die seerowers - 'n verhaal so na die smaak van almal wat jonk van hart is.

Stofomslag: Willie du Plooy

6 000256 000063



## INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1 | Geheimsinnige Vonds | 3 |
| 2. | By die Goewerneur | 10 |
| 3. | Verrassing vir Simon | 19 |
| 4. | Vreemde Makkers | 28 |
| 5. | Kanonne Bulder | 37 |
| 6. | Hulle Kom! | 45 |
| 7. | Nader en Nader! | 54 |
| 8. | Gevaar aan Alle Kante | 65 |
| 9. | Fantastiese Plan | 74 |
| 10. | Nag van Afrekening | 83 |


Hoofstuk 1

## GEHEIMSINNIGE VONDS

Die sierlike seilskip kloof deur die branders in die omgewing van die Wes-Indiese Eilande. Dit is 'n kalm dag en 'n kalm see. Die wind is net reg en die groot seile staan bol. Hulle wat skepe ken, sal onmiddellik weet dat hierdie 'n aristokraat van die oseane is. Teen sy voorstewe staan trots die naam geskryf—Maagd van die See.

Die Maagd van die See lê laag in die water want dit het 'n groot vrag handelsware in Tafelbaai ingeskeep. Handelsware wat ondernemende handelaars in die volksplanting van die Kaap die Goeie Hoop aan die beroemde seekaptein toevertrou het om te gaan verhandel in die welvarende Wes-Indiese Eilande. Daar is wyn, daar is velle, daar is vleis en allerhande ander produkte van die jong volksplanting.

Maar hoewel dit 'n kalm dag is, hoewel die horison ver en wyd en oop lê, het die uitkykman in die kraaines 'n baie uitdruklike bevel dat hy sy oë moet ophou. Hierdie is die terrein van die seerowers. Hier word die vreedsame vaartuig onverhoeds oorval deur hulle wat vir hulle die skatte van die oseane toeëien. Hierdie is die see waar geweld en hebsug hoogty vier.

Simon Verbeeck stap op die dek en kyk of alles in orde is. Hierdie groot, donker man, so breedgeskouer en met helderblou oe, is 'n kaptein wat stip op alles let. Hy weet buitendien dat die seerowers agter sy bloed lê en daarom is hy dubbel waaksaam. Hy betrag die groot bollende seile van sy vaartuig, hy kyk na die dwarshoute, hy let op na die maste, na die toue. Hy ondersoek sy dek. Hy kyk of hy nie miskien hier en daar 'n foutjie teëkom nie, maar alles is in orde want sy tweede-in-bevel, Wilhelm Rieckert, is 'n man wat weet wat om te doen op 'n skip. Hy hou 'n skip in perfekte orde soos 'n perdeliefhebber 'n pragtige hings altyd in goeie orde hou.

Simon Verbeeck is net met sy inspeksie klaar en hy is net op die punt om terug te gaan na sy kajuit om 'n paar seekaarte te bestudeer toe die uitkykman hoog in die kraaines hard uitroep sodat Simon in sy spore vassteek en na die man opkyk.

,,'n Voorwerp op stuurboord voor ons,'' skreeu die uitkykman.

,,Wat is dit?'' roep Simon van onder af.

,,Ek kan dit nie mooi uitmaak nie, kaptein,'' roep die uitkykman terug. ,,Dit is maar iets kleins. Dit is nie 'n skip of iets nie. Dit lyk partykeer byna soos 'n skuit.''

,Waar is dit?'' skreeu Simon.

En die uitkykman beduie met sy hand skuins vooruit na die horison.

Simon ontbied 'n skeepsjong en beveel hom om sy teleskoop in die kajuit te gaan haal. Toe hy die teleskoop in sy hande het, gaan hy na die reling en begin die see ondersoek. Wilhelm Rieckert kom ook nader en kom staan hier langs sy kaptein.

,,Wel, Simon,'' sê Wilhelm, ,,dit was 'n vaart sonder enige opwinding sedert ons Tafelbaai verlaat het. Heel moontlik kry ons nou 'n bietjie avontuur.''

Simon steur hom nie aan die opmerking van sy goeie vriend nie. Hy betrag die voorwerp wat hy nou binne die lens van die teleskoop vasgevang het. Hiervandaan lyk dit vir hom ook soos 'n skuit. Dan is die voorwerp weg, dan is dit weer sigbaar op die wye deining van die see.

,,Kyk of jy dit kan uitmaak,'' sê Simon vir Wilhelm en oorhandig die teleskoop aan hom. ,,Ek kan nie mooi sien wat dit is nie.''

Wilhelm betrag die voorwerp op sy beurt en toe hy klaar is, kondig hy aan dat dit volgens sy mening 'n skuit is.

,,'n Skuit? Wat sou 'n skuit dan hier rond soek? Ons is kilometers van die naaste land af. Dit is dalk 'n paar muiters wat deur hul kaptein aan die see toevertrou is,'' sê Wilhelm met 'n ongemaklike laggie. Wilhelm Rieckert weet net so goed soos Simon dat 'n skuit in hierdie deel van die oseaan iets buitengewoons is.

Simon bepaal die rigting en die afstand na die skuit. Toe stap hy na sy stuurman en gee hom bevele om daarheen te vaar. Die Maagd van die See swaai in die water en stoot sy neus in die rigting van die swart spikkel op die horison.

Simon Verbeeck voel iets in sy bloed. Hy voel dat hierdie swart stippel wat vir hulle na 'n skuit lyk, moontlik die begin kan wees van 'n nuwe avontuur. Daarom gaan hy liewer nie na sy kajuit nie. Hy beveel dat die uitkykman afgelos word. Hy stuur 'n ander man na die kraaines. Dit is 'n man wat hy spesiaal uitsoek omdat hy weet dat die kêrel twee arendsoe het en dat daar weinig op die





horison sal wees wat hy nie raaksien nie.

Simon dink vinnig. Hy ken die geslepenheid en die sluheid van die seerower want hy is die tradisionele en erkende vyand van alle seerowers. Hulle haat hom en hy haat hulle. Daarom wil hy nie in 'n strikval gelok word nie. Vantevore het hy al die ondervinding gehad dat seerowers hierdie soort set gebruik net om 'n moontlike slagoffer in die strikval te lei. Hulle sit 'n paar man in 'n skuit en los dit in die water en wanneer die niksvermoedende slagoffer so 'n skuit probeer red, dan slaan die seerowers toe.

Die nuwe uitkykman gaan staan in die kraaines, hou sy hand voor sy oe en ondersoek die horison. Simon het hom beveel om 'n teleskoop te neem. Hy trek die uit en neem daarmee die omgewing op. Maar binne sy wye gesigsveld bewaar hy niks behalwe daardie dobberende swart stippel wat steeds groter word namate die Maagd van die See deur die water ploeg.

Simon bly hier by die reling van die skip en met sy teleskoop hou hy die voorwerp dop. Hy kan nou reeds sien dat dit wel 'n skuit is—sonder die minste twyfel. 'n Langerige, stewige skuit. En hy merk nog iets. Daardie skuit dobber. Dit het geen vaste rigting nie en dit is skynbaar nie onder beheer nie. Dan swaai dit hierheen, dan kantel dit daarheen soos die water dit spoel. Die see speel met daardie skuit; slinger dit dán hierheen, dan dáárheen.

,,Daar is niemand aan die roer van daardie skuit nie,'' sê Simon teenoor Wilhelm Rieckert wat weer hier langs hom kom staan het. ,,Ek sien geen roeispane blink nie. Dit is 'n eienaardige besigheid. 'n Skuit hier in dié deel van die oseaan en nog boonop 'n drywende, dobberende skuit sonder enige rigting of koers.''

Wilhelm Rieckert se oe het nou geword. Hy het al geleer dat die see dikwels vreemde en ontstellende geheime aan jou opdring. Daar is 'n tinteling in Wilhelm se bloed want ook hy, net soos Simon, het die voorgevoel dat hulle dalk hier met 'n avontuur te doen sal kry.

Simon oorhandig skielik sy teleskoop aan Wilhelm. ,,Hou die skuit dop en hou terselfdertyd die horison dop, Wilhelm. Ek wil nie van agter af ingehaal word deur 'n seerower nie. Ons het 'n swaar vrag. Die Maagd van die See kan nie maklik padgee nie.''

Toe stap hy met lang hale na sy kajuit, gaan binne en gaan staan by sy kaartetafel. Hy werk hul huidige posisie uit en toe sien

hy dat hulle reeds Puerto Rico nader. Hy het 'n plan om by San Juan aan te doen en om aan die welvarende Spanjaarde moontlik 'n deel van sy vrag te verhandel. Maar Simon Verbeeck weet ook dat hulle nog 'n ordentlike afstand van Puerto Rico is. Dit sal sommer nog vaar vat voordat hulle daar aankom. En hier lê nou 'n skuit in die verlate waters van die suidelike Atlantiese oseaan.

Simon gaan na die muurkaart wat hy van hierdie omgewing laat teken het—hierdie omgewing van voorspoed, geweld, seerowers, swaar gewapende oorlogskepe—die koninkryk van rum en die sabel. Op die kaart druk hy met sy vinger en bepaal presies waar hulle is. Hy sien dat hulle baie ver verwyder is van die naaste land. Net soos hy besef het: die Bahama-eilande lê ver op regs, die eiland Kuba lê nog verder; die rits kleiner eilande soos Barbuda, Guandeloupe, Martinique, en Barbados lê nog ver in die uitgestrektheid van die oseaan.

Nadat Simon dit vasgestel het, is sy nuuskierigheid nog meer geprikkel. Sou 'n orkaan 'n skip hier iewers getref het? Sou een van die gevreesde werwelstorms 'n skip hier na die diepte gestuur het? Dit is glad nie 'n buitengewone ding nie. Wanneer jy hier in die kern van 'n werwelstorm gevang word, wanneer die wind so sterk word dat 'n waterpilaar omhoog gesuig word en dan dansend oor die see kom, dan weet jy by voorbaat dat die einde vir jou gekom het—vir jou en jou vaartuig.

Toe hy op die dek uitkom en kyk na die sonnige dag, na die kalm blou see, toe is dit vir Simon asof 'n werwelstorm onmoontlik is.

Toe hy die reling bereik, staan Wilhelm Rieckert nog daar. Wilhelm kyk na Simon en daar is 'n boodskap in sy oë.

,,Dit is soos jy sê, Simon. Daardie skuit is rigtingloos. Ek sien niemand daarin nie.''

Simon kyk op na die uitkykman. ,,Sien jy iets in die skuit, Gerritse?'' skreeu Simon.

,,Dit lyk vir my daar is mense in die skuit, kaptein,'' skreeu Gerritse bo uit die kraaines. ,,Maar ek gewaar geen beweging nie. Dit lyk vir my hulle lê in die bodem van die skuit. Ek gewaar in elk geval geen roeispane nie en daar is bepaald niemand by die stuur nie.''

Simon draai weg van die reling en stap na sy stuurman. ,,Ef-





fens na stuurboord,'' beveel Simon.

Die springende, dobberende skuit is nou nie meer ver van hulle af nie. En met elke tree wat hulle nader kom, styg die gevoel in Simon dat hulle hier met iets eienaardigs te doen het. Hy is ongedurig en onrustig. Dan is hy by die reling, dan is hy by die stuurman, dan is hy in sy kajuit terug by die muurkaart.

,,Hou jou oe oop, Gerritse,'' skreeu hy vir die uitkykman toe hy weer 'n slag op die dek uitkom. Maar hy sien dat Gerritse sy oë oophou. Hy draai gedurig in die kraaines en met die teleskoop neem hy die hele horison op. Uit daardie kraaines kan 'n mens wyd en ver oor die see sien.

Toe die skuit omtrent 'n kilometer van hulle af is, gee Simon 'n nuwe bevel. Hy gelas dat hul swaar langskuit gereed gemaak word om neergelaat te word. 'n Paar seemanne bring die skuit in gereedheid, swaai dit na die kant en laat dit met swaar toue oor die kant sak. Daar laat hulle dit hang nadat hulle die roeispane in die boot geslinger het.

Simon oorweeg dit eers om 'n bietjie seil in te haal sodat die Maagd van die See stadiger kan beweeg. Maar toe besluit hy daarteen. In hierdie deel van die Atlantiese Oseaan moet 'n man altyd sorg dat jy vol seil het sodat daar geen onderbreking in jou vaart kan kom nie.

Toe hulle digby die skuit kom, gaan hy self weer terug na die stuurman, gaan langs hom staan en gee aan hom duidelike bevele.

Toe die voorstewe van die Maagd van die See by die vreemde skuit verby skuif, hardloop Simon terug na die reling en skreeu 'n bevel dat die langskuit laat sak moet word. Saam met vier seemanne spring hy in die skuit onderwyl hulle dit laat sak. Die skuit tref die water met 'n groot plas en toe hulle in die water is, is die neus van hulle skuit byna vas teen die vreeme skuit. Die Maagd van die See glip by hulle verby en Simon en sy paar manne kantel en dobber op die deining wat deur die vaart van die groot seilskip veroorsaak is.

Die seemanne gryp die kant van die vreemde skuit vas en in 'n kits het hulle die staaf van die skuit se roer aan hul skuit vasgekoppel sodat hulle nie van mekaar af kan dryf nie.

Simon Verbeeck kyk oor die kant van die vreemde skuit en toe sidder hy. Hy deins terug vir die toneel wat hy sien. Hy merk

hoedat sy geharde seemanne bleek word.

In die bodem van die skuit lê vier lyke. Hulle is reeds in 'n aaklige toestand van ontbinding. Klaarblyklik is hierdie mense reeds 'n hele paar dae dood, is hulle reeds 'n hele paar dae aan die geweld van die son blootgestel.

By hulle in die skuit is daar geen teken van kos of water nie. Een roeispaan lê skuins oor een van die lyke. Van die ander roeispane is daar geen teken nie.

Simon betrag die lyke noukeurig. Daar is geen teken van 'n worsteling nie. Daar is geen teken dat enigeen van hulle beseer is of vermink is nie. Hulle het maar net in die skuit gesterf, so lyk dit.

Wat Simon Verbeeck onmiddellik tref en wat hom nog nuuskierig en agterdogtig stem, is dat een van die lyke geklee is in die kapteinsuniform van die koninklike Spaanse vloot. Die ander drie lyke is dié van minderes—gewone seemanne. En toe Simon verder oplet, sien hy dat daar in die skuit kramme is vir drie roeiers.

,,'n Kaptein van die koninklike Spaanse vloot,'' merk een van Simon se manne op.

,,So sien ek,'' sê die seevaarder. ,,Ja, so sien ek.''

Maar dit is nie ál wat Simon sien nie. Die skerpsinnige man het nog iets in die skuit gewaar, iets wat sy aandag net so skerp trek soos die uniform van die Spaanse seekaptein. Dit noodsaak hom om uit sy eie skuit te klim tot in die vreemde skuit. Die stank is walglik, maar Simon trotseer dit om hierdie ding wat hy nou gewaar het, van naderby te betrag.

Hy tree versigtig oor die lyke, toe staan hy gebukkend en hy ondersoek die binnekant van die vreemde skuit met sy vreemde vrag, want dit is sowaar vreemd om hier in die oop see, kilometers van die naaste land, 'n verlore skuit te vind met 'n Spaanse seekaptein en drie gewone seelui daarin.

Teen die binnekant van die skuit in die hout staan daar duidelik iets geskryf.

Simon begin dit lees en sy lippe vorm die woorde byna hardop...

Simon Verbeeck hurk verwonderd in die buik van die skuit en terwyl hy die woorde lees, beweeg sy wysvinger met die letters langs. Hy het al vantevore op sy omswerwinge gevalle teegekom waar daar aan roeispane of aan die binnekant van verlate skuite





**geskryf was. Maar in die meeste gevalle het die geskrifte neergekom op vloekwoorde of woorde van verset teen die lewe, of anders was dit laaste boodskappe. Hierdie lyk vir hom ook na 'n laaste boodskap maar dit is 'n besondere boodskap. 'n Boodskap wat inligting verstrek. 'n Boodskap wat 'n aanduiding moet gee van iets groot en belangrik.**

**Daarom lees Simon Verbeeck die woorde stadig en aandagtig en met aansienlike konsentrasie. Hy wil nie graag 'n fout maak nie. En hoe verder hy lees, hoe meer verwonder hy hom.**

Hoofstuk 2

## BY DIE GOEWERNEUR

Dit wat kaptein Simon Verbeeck daar aan die binnekant van die vreemde skuit lees, is klaarblyklik met groot sorg en met groot moeite geskryf. Die woorde is in die harde hout van die skuit uitgesny. Simon kyk rond en toe sien hy die enigste werktuig waarmee dit geskryf kon gewees het—die swaard van die gestorwe Spaanse seekaptein. Die pragtig versierde swaard lê onder die lyk van die kaptein.

Dit bring Simon tot 'n gevolgtrekking. Die man is met sy volle mondering in die skuit geplaas; selfs sy swaard het hy by hom gehad. Dit maak die raaisel van hierdie skuit nog dieper.

Die woorde wat daar geskryf staan, is vir Simon selfs nog raaiselagtiger. Die woorde staan in 'n netjiese lyn geskryf en dit is duidelik dat die man wat hulle geskryf het, later so swak was dat hy hulle skaars kon voltooi. Die eerste woord wat daar geskrywe is, is Valencia. Dit, dink Simon, is die naam van 'n skip—'n Spaanse skip. En hy het die gevoel dat dit die naam is van 'n Spaanse oorlogskip.

Die tweede woord is De Santos. Dit, weet Simon onmiddellik, is die naam van 'n man. Heel moontlik die naam van 'n seekaptein. Heel moontlik was hierdie verweerde lyk met die offisiersuniform daaraan, eens die trotse Spanjaard De Santos.

Die derde woord wat Simon lees, is Barbuda. Daaromtrent kan daar geen twyfel bestaan nie. Dit is die naam van 'n eiland in die Wes-Indiese Eilande-groep. Barbuda. Sou dit die bestemming van hierdie vaartuig gewees het? Sou De Santos kaptein gewees het van die vaartuig Valencia wat op pad was na Barbuda?

Selfs toe Simon dié afleiding maak, skud hy sy kop. Nee, dit kan hy nie aanvaar nie. Barbuda is 'n kleinerige, onbenullige eiland aan die rand van die groep eilande wat strek aan Kuba tot onder by Trinidad aan die kus van Suid-Amerika. Dit is skaars moontlik, dink hy, dat 'n skip soos die Valencia nou juis na die klein eiland op pad sou wees. Dit is baie meer waarskynlik dat so 'n vaartuig op pad sou wees na Puerto Rico.

Naarstiglik soek Simon aan die binnekant van die skuit na meer woorde wat moontlik lig sal werp op hierdie knaende geheim.

Sy soektog is nie tevergeefs nie. Aan die anderkant van die





skuit is daar nog 'n woord geskryf. Dit is maar net 'n herhaling van een van die woorde wat hy reeds gelees het. Dit is maar weer Barbuda. Maar op daardie plek staan 'n opdrag aan wie ookal hierdie woorde die eerste mag lees. Skynbaar het die man wat dit geskryf het, hierdie laaste boodskap aan die wêreld gegee. Skynbaar het hy gehoop dat iemand hierdie skuit sou vind en hierdie woorde sou lees. Hierdie woorde wat in die hout uitgesny is, is reeds vaag en onduidelik. Blykbaar was hulle kort voor die einde hier uitgesny, maar hulle is nog duidelik genoeg om met die blote oog te ontsyfer.

In Spaans staan daar geskryf: ,,Gaan na Barbuda.''

,,Gaan na Barbuda,'' herhaal Simon hardop. Dit is 'n bevel, 'n opdrag.

Wesenloos kyk hy weer na die inhoud van die skuit, na die stomme verweerde lyke. Hy kyk na die offisiersuniform, na die ingevalle oë en na die duikige wange van die gestorwenes en toe is dit asof iets sy hart aangryp. Dit is asof hy 'n groot geheim deelagtig word en asof hy bewus word van 'n skreiende misdaad wat hier op die verlate oseaan gepleeg is.

Simon klouter versigtig oor die ontbindende lyke en gaan sy eie skuit binne. Toe gee hy aan sy seemanne bevel om die vier lyke aan die see toe te vertrou. Hulle doen dit teësinnig maar hulle doen dit wel. Met hul koppe weggedraai, neem hulle die lyke aan die arms en die voete en slinger hulle oor die kant. Na 'n rukkie is dit net die een roeispaan en die seremoniële swaard wat in die skuit oor is.

Simon lê beslag op die swaard. Toe roei hulle na waar die Maagd van die See 'n wye draai maak. Hulle word opgepik, die skuit word weer aan boord gehys en toe hervat die Maagd van die See sy reis.

Simon kyk lank na die verlate skuit wat nou leeg is. Sy oë is nou en nadenkend.

,,Wat het jy gesien, Simon?'' vra Wilhelm wat hier by hom kom staan op die agterstewe van die Maagd van die See.

,,Vier lyke,'' sê Simon. ,,Drie seeliede en 'n man in die uniform van die Spaanse vloot. En in die skuit staan 'n paar woorde geskryf—Valencia, De Santos en Barbuda.'' Hy kyk indringend na Wilhelm. ,,In daardie skuit is aan ons 'n opdrag,